DEEL 116 | WEEK 30 | 26 JULIE 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# R57 kry 'n nuwe baadjie

Motoriste wat van plan is om die R57 aan te durf, sal 'n bietjie geduld moet hê. Dit kom nadat Raubex Construction PTY Limited deur die Vrystaatse Departement van gemeenskapsveiligheid, paaie en vervoer gekontrakteer is om die toestand van hierdie pad te verbeter. Die tweede fase van die projek, wat reeds in Januarie vanjaar begin het, sal oor 30 maande duur en behoort teen 2026 voltooi te wees. Hierdie projek behels die rehabilitasie van die pad, wat beteken dat daar geen bykomende bane of groot strukturele veranderings aan die pad of die stormwaterdreinering sal wees nie. Volgens Stefan Kruger, die projekbestuurder, sal die pad opgelig word met 200 tot 300 mm en 'n nuwe laag materiaal sal bo-oor gevoeg word en word die pad geseël met 'n nuwe teerblad. Die totale koste van die projek beloop 'n bedrag van R309 miljoen. In 2022 het die Gazette berig dat die maatskappy Sasol 'n bedrag van R3 miljoen geskenk om die eerste fase van hierdie projek te ondersteun.

"In 2022 alleen het Sasol meer as R8 miljoen bygedra tot die herstel en opgradering van die paaie infrastruktuur in Sasolburg, Zamdela en omliggende gebiede." Raubex Construction se projek beslaan ongeveer 35 km, vanaf die Edenville-Frankfort-interseksie in die rigting van Sasolburg, naby Vyandsvlei.

Buiten die werk aan die R57, is Raubex ook betrokke by verskeie gemeenskapsprojekte. Hulle het talle inwoners van Heilbron vir die projek in diens geneem en is ook van plan om paaie in dele soos Phiritona te teer, gras by begraafplase te sny en die pad by die hospitaal op te gradeer. Raubex het ook moeite gedoen om asgate wat vir baie 'n seer oog is, op te ruim. Stefan Kruger doen 'n beroep op motoriste om geduldig te wees en veilig en versigtig te ry terwyl die padwerke aan die gang is. Die doel van hierdie rehabilitasieprogram is om die pad so veilig as moontlik te maak vir motoriste in die toekoms.










# UIT DIE PEN:



## Week 30

Die Standbeeld. Jip, die Standbeeld staan steeds. Ek kan nou al trappe klim met my krukke. Of soos my vriendin sê: haar kurke, in plaas van krukke. Dieselfde vriendin het ook haar fibula gebreek, effens hoër as myne. Sy is eers die derde dag nadat sy geval het, dokter toe. Sy het vir ses weke in die maanstewel geloop en met twee "kurke". Sy het nie 'n operasie nodig gehad nie en haar hele enkel het nie soos myne geskuif nie. Sy is af van die maanstewel en krukke.

Gizelle, 'n prettige 20-jarige, het sommer beide pype in die been gebreek, twee weke nà my ervaring. Haar maanstewel is af en sy loop met een kruk. Dan wonder ek wat fout is met my? Hoekom vat dit so lank om te herstel?

Dis nou 11 weke sedert die ortopeed my enkel onder narkose reggeskuif het en my been met 'n plaat en 'n hengse klomp skroewe geheg het. Ander mense stap al lankal, maar hierdie agterossie sukkel nog met krukke.

Ek loop met een kruk, skeef en krom, want ek vergeet dat my lyf nou meer na links neig, maar ek probeer. Gelukkig is my linker- en regtekant nie meer so deurmekaar nie. Ek hou die kruk aan die linkerkant en my regtervoet is seer. Dit het ek darem baasgeraak.

Gisteroggend haal ek iets bo uit die kas. Ek kyk na my Standbeeldvoet wat sommer op haar tone staan. Wow, dink ek.

Ek kan ook rapporteer dat ek nie meer my fisio se toiletpapier op huil nie. Ek dink hy is heimlik verlig daaroor, maar hy sal dit nooit hardop sê nie.

Die ander aand het ek heerlik gesnik omdat ek voel dat ek nie my mylpale behaal nie. Ek het dae lank gesukkel om te leer hoe om 'n trap te gebruik. Soms moet ek nogsteeds die rympie in my kop sê: "Good foot goes to heaven, bad foot goes to hell."

Dit is om te onthou dat, wanneer jy boontoe tree, die gesonde voet eerste moet gaan. Wanneer jy ondertoe tree, moet die slegte voet eerste gaan. Dis 'n gedinkery van 'n ander wêreld.

Gister het Paul, die fisio, my tussen die twee dwarsbalke laat loop. Sonder krukke. Ek moet doelbewus dink hoe my volgende tree gaan lyk en voel. Wanneer ek sonder die maanstewel loop, moet ek konsentreer: eerste met die hak, dan die hele voet, en rol oor na die bal van die voet tot op jou tone. Regtig? Wie van ons dink nog daaroor?

Die bal van my voet wil nog nie lekker boontoe buig nie, want my hakskeen se bindweefsel sit iewers vas. Ek weet nie waar nie. Paul knie en vryf dit elke keer wanneer ek daar is. En elke keer is daar 'n millimeter of wat se verbetering.

Ek haal my maanstewel so drie keer per dag af wanneer ek by die werk is. Dan dwing ek my voet nader aan my lyf sodat ek die hakskeen kan strek. Van "strek" in die ware sin van die woord is daar natuurlik bitter min sprake, maar ek probeer.

Dalk moet ek eerder tevrede wees met die vordering wat ek tot dusver gemaak het.

Vandag se wonder is ons klein oorwinninkies. Dalk moet ons dit meer vier? Ons moet meer bedag wees op elke klein mylpaal wat ons behaal. Kyk na babas: wanneer hulle die eerste keer lag, klap almal hande en oe en aa. Wanneer hulle die eerste keer iets sê, is dit 'n mylpaal. Of wanneer hulle begin loop. Die mense rondom hulle raak opgewonde. Dalk moet ons ook?

Ek wys vir my kollegas by die werk dat ek met een kruk kan loop. Iemand stap gewoonlik saam na vergaderlokale om my rekenaar en aantekeningeboekie saam te neem. Iemand sal dan sê: Jy vorder! Ek raak kinderlik opgewonde daaroor. Dit moedig my aan om meer te doen.

Dink aan jou eie lewe. Kom ons veronderstel dat jy verkoue gehad het. Voeg bietjie sinus by vir die wis en die onwis. Jou neus was verstop en jy het oes gevoel. Medikasie van die dokter, en twee dae daarna voel jy amper weer soos 'n nuwe mens. Ons vier dit nie, want vir ons is goeie gesondheid 'n gegewe.

Ons kom dit eers agter wanneer ons sukkel met 'n lyf wat nie wil saamwerk nie.

Ek dink terug aan my aanvanklike badsessies. Ek het al hier vertel hoe my goeie man my binne-in en uit die bad moes help. In ons huis roep ek nie sy naam wanneer ek hom soek nie. Ek fluit vir hom. Een aand het ek klaar gebad en vir hom gefluit. Al wat kom help, is hy. En net daar besluit ek om self uit die bad te kom. Ek het dit reggekry.

Toe hy uiteindelik kom kyk of ek klaar gebad het, sit ek op die bed, aangetrek. Ek was so trots op myself: ek kon self uit die bad klim!

Klop jouself vandag op die skouer en wens jouself geluk met jou klein oorwinning. Al het jy net uit die bad probeer klim of jou tone gepunt. Wees gaaf met jouself. Wees geduldig met jouself.

Aan die een kant wil ek die hele rehabilitasieproses uit ongeduld aanjaag, aan die ander kant wil ek alles reg en versigtig doen sodat ek myself nie weer moet beseer nie. En tussen-in is daar 'n goue draad waarop ek moet loop.

Figuurlik gesproke, want my krukke kan nog nie so fyn trap nie.

# Briewe van ons lesers

*Die volgende skrywe is ontvang van Laurette Naudé van Heilbron gerig aan die Redakteur.*

As oud-inwoner van Heilbron rig ek graag hierdie skrywe aan die gemeenskap van Heilbron. Ons het gedurende die afgelope naweek 'n begrafnis bygewoon in Heilbron Begraafplaas. Dit was voorwaar 'n verrassing om die Kerkhof in so 'n puik en netjiese toestand aan te tref.

Aangesien baie van ons reeds geliefdes het wat daar ter ruste gelê is, is dit verblydend om te weet dat daar met eerbied omgesien word na hul laaste rusplek.

Alle dank en waardering aan Zagrys Ramage vir hierdie onbaatsugtige diens wat hy lewer.

Ek is seker ek praat namens die gemeenskap as ek sê, wees verseker dit gaan nie ongesiens verby nie!

Gaan vergewis jouself van die metamorfose wat die begraafplaas ondergaan het.

# Keanen Norman - 'n Stil held wat slaggate opvul

In 'n tyd waar paaie vol slaggate die norm geword het, staan Keanen Norman uit as 'n baken van hoop en vasberadenheid in ons gemeenskap. Sonder enige inkomste, vul Keanen slaggate in eie hoedanigheid en bring sodoende verligting vir motoriste in verskeie strate. Keanen, wat elke dag van die hand na die mond leef, hoop op die goedhartigheid van die gemeenskap om hom met 'n paar rand te bedank vir sy harde werk. Hy het reeds die slaggate in Pleinstraat, Oranjestraat, Breëstraat, en selfs die hoofpad aangepak. Sy toewyding en ywer het verseker dat motoriste nou 'n gladder en veiliger rit kan ervaar. In Pleinstraat het hy boumateriaal gebruik wat hy van 'n ou afgebreekte gebou gekry het. Hierdie vindingrykheid en moeite is 'n getuienis van sy deursettingsvermoë en bereidwilligheid om sy gemeenskap te dien. Keanen se werk gaan dikwels ongemerk en onbeloon, maar sy bydrae is van onskatbare waarde. Indien inwoners Keanen raakloop en voel dat hul motor 'n bietjie beter ry danksy sy harde werk, word hulle aangemoedig om hom met 'n geldjie te bedank. Hierdie klein gebaar van waardering kan 'n groot verskil maak in sy lewe en hom aanmoedig om voort te gaan met sy onbaatsugtige werk.



# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng




Vanjaar was die derde jaar wat die Happy Feet projek ten bate van kinders in Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums plaasgevind het. Verlede jaar het 17 Kinder- en Jeugsorgsentrums voordeel getrek uit die projek en ongeveer 588 pare skoene is ingesamel.

Die doel van die projek is om vir die kinders een keer 'n jaar die geleentheid te gee om 'n paar skoene te vra waarvoor hulle wens. Dit is belangrik om in ag te neem dat die kinders in die jeugsorgsentrums meestal tweedehandse skoene dra en bykans amper nooit die geleentheid het om 'n nuwe paar skoene te kry, nie eers om te noem die paar wat hulle graag wil hê nie.

NG Kerk Suid het besluit om hierdie jaar deel te word van die projek. Elke kind in Ringerstraat Jeugsorgsentrum het die geleentheid gehad om 2 pare skoene deur te stuur vir die projek. Op 30 Junie 2024, tydens die erediens, het Ds Petrus Fouche die kinders vorentoe geroep om hulle skoene te kom kry sowel as hulle eie vlieskombersie vir die winter. Groot was die afwagting om die mooi boksies en sakkies oop te maak na kerk en daar was beslis nie enige teleurstelling nie. Die vreugde op die gesigte het boekdele gepraat en met dankbaarheid is elke skoen, kous en lekkernye besigtig en vertoetel.

Die kinders en personeel van Ringerstraat Jeugsorgsentrum wil graag die gemeente bedank vir die onbaatsugtige aksie wat hulle geloods het om die projek aan te pak en die bereidswilligheid om elke kind te bederf met hy of haar eie paar skoene.

## Openbare nie-winsoogmerk organisasies moet nou gereedmaak

"Instansies soos Ouetehuise, welsyns-, kulturele-, sport- en ander nie-winsbejag organisasies moet kennis neem dat hulle volgens munisipale belastingwette verplig is om erfbelasting te betaal, maar wel ook kan aansoek doen vir kortings ten aansien van betaling daarvan" sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Skriftelike aansoeke moet tussen 1 Julie 2024 en 31 Augustus 2024 by die munisipaliteit ingedien word om in aanmerking te kom vir kortings vir die finansiële jaar wat op 1 Julie 2024 begin.

Aansoekvorms is by munisipale kantore beskikbaar. Applikante moet verkieslik hul aansoeke in duplikaat voorberei en 'n afskrif deur die munisipaliteit laat stempel wanneer dit ingedien word as bewys van ontvangs daarvan. Applikante moet beskik oor 'n Sertifikaat van die SAID wat bevestig dat die instansie aldaar geregistreer is vir vrystelling van betaling van inkomstebelasting voordat die instansie vir korting op erfbelasting sal kwalifiseer. 'n Afskrif van die belastingvrystellingsertifikaat moet by die aansoek aangeheg word.

Kortings word bereken en toegeken op sterkte van die meriete van elke aansoek en geen standaard korting is van toepassing nie.

# Waterkrisis – Randwater swyg nog oor Ngwathe betaalplan

Randwater het nog nie gereageer op Ngwathe se jongste afbetalingsplan wat op 27 Junie 2024 reeds deur die waarnemende munisiplale bestuurder, Dr FP Mothamaha, vir oorweging aangebied was nie. In die plan word maandelikse betalings van R3m aangebied asook drie gelyke betalings van R3m elk telkens wanneer Ngwathe drie maal per jaar sy "billike deel" (equitable share) van die staat ontvang.

"Ngwathe het intussen egter ook 'n bedrag van nagenoeg R20m op sy agterstallige skuld aan Randwater betaal" sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. "Dit blyk uit 'n verslag wat op 19 Julie 2024 voor die Finansiële Komitee gedien het". Ngwathe se skuldlas is daardeur verminder van R 72m na R 52m wat 'n substantiewe verbetering daarstel.

Desnieteenstaande het Randwater tot hede nog nie aangedui of die betalingsplan aanvaarbaar gevind word nie en word volgehou met verminderde watertoevoer aan Heilbron. Lewering beloop steeds slegs tussen ongeveer 4,2 en 4,6 Megaliter per dag wat totaal onvoldoende is om aan al die inwoners se waterbehoeftes te kan voldoen. Verskeie navrae aan Randwater deur Ngwathe amptenary oor die aanvaarbaarheid van die betalingsplan kon tot dusver nog geen konkrete antwoord uitlok nie. "Ek is die versekering gegee dat daar op gereelde basis opgevolg word om 'n antwoord te kry" sê raadslid Van der Merwe verder.

In 'n poging om verkwisting van beskikbare water te bekamp het die Heilbron areabestuurder van die munisipaliteit, Mnr Francis Moeketsi, intusssen met 'n veldtog begin om waterlekke, insluitend lekkende krane, watermeters en toilette, op te spoor. Raubex, die kontrakteur wat aan die Sasolburg pad werk, het goedgunstiglik 'n aantal werkers wat hy nie tans self benodig nie, aan die munisipaliteit beskikbaar gestel om met projekte behulpsaam te wees. Daar word beplan om fisiese inspeksies te doen en inwoners word versoek om met die werkers saam te werk om lekke te identifiseer. Mnr Moeketsi het bevestig dat die werkers van 'n identifikasie dokument voorsien sal word om hul regmatigheid te staaf.

"Intussen het die Infrastruktuur Komitee, wat onder andere maniere om beter verdeling van water tussen inwoners te probeer bewerkstellig moet ondersoek, nog nie weer byeengekom nie. Dit ten spyte van die feit dat ek reeds by verskeie geleenthede by die voorsitter van die komitee, raadslid Mosiuwa Mofokeng, gepleit het om dringend 'n sitting van die komitee te reel" mor raadslid Van der Merwe. "Ek sal aanhou om druk te plaas om beide die kwessies van die betalingsplan en interne waterverspreiding aangespreek te kry".




***AFRIFORUM INSTALLEER NOG 'N WATERTENK VIR GEMEENSKAP:***
*In die midde van die waterkrisis het AfriForum onlangs 'n nuwe watertenk vir die gemeenskap opgerig. Die nuwe tenk is by Antonie Muller se huis in Stoffel Nel straat geïnstalleer. Enige persoon in die gemeenskap is meer as welkom om gratis water daar te kry.*






# Hoërskool Heilbron atlete skitter by Landloop Kampioenskappe





Die naweek het Hoërskool Heilbron se landloopspan deelgeneem aan die landloop kampioenskappe wat in Parys gehou is. Die atlete het alles gegee en hul persoonlike tye weereens verbeter, wat 'n bewys is van hul harde werk en toewyding.

Marizaan Swanepoel het met 'n indrukwekkende eerste plek in die 0/12 ouderdomsgroep weggestap, terwyl Maddaleen De Beer die 'young woman' kategorie oorheers het en ook 'n eerste plek behaal het. Hierdie uitslae beklemtoon die talent en potensiaal van Hoërskool Heilbron se jong atlete.

Die volgende groot uitdaging vir die span is die Vrystaat kampioenskappe, wat op 3 Augustus in Bloemfontein plaasvind. Met hul onlangse sukses in Parys, is daar groot hoop dat hulle ook hier sal uitblink.

Hoërskool Heilbron is trots op hul atlete en wens hulle alle sterkte toe vir die komende kompetisie.


Damian's Contractors CIVIL

SKILLS TRAINING N.001-167-2019/1&X.004-064-2019/1

SKILLS TRAINING ROUTINE ROAD MAINTENANCE OF NATIONAL ROUTE N1 SECTION 16 (KM 0.06 TO KM 84.96), N1 SECTION 16X (KM 83.50 TO KM 133.59), N1 SECTION 17X (KM 0.00 TO KM 21.17), N5 SECTION 1 (KM 0.00 TO KM 29.77), N8 SECTION 9 (KM 0.00 TO KM 22.75) AND N8 SECTION 9X (KM 5.73 TO KM 5.74. RFQ NOTICE FOR TRAINING SERVICE PROVIDER

**CLOSING DATE: MONDAY, 12 AUGUST 2024 AT 10H00**

Damian's Contractors invites Construction training providers from for Contract N.001-167- 2019/1&X.004-064-2019/1 for the routine road maintenance of national route N1 section 16 (km 0.06 to km 84.96), N1 section 16x (km 83.50 to km 133.59), N1 section 17x (km 0.00 to km 21.17), N5 section 1 (km 0.00 to km 29.77), N8 section 9 (km 0.00 to km 22.75) and N8 section 9x (km 5.73 to km 5.74 on behalf of The South African National Roads Agency SOC Limited (SANRAL). This project is in the province of the Free State, in the District Municipality of Lejweleputswa and in the local municipalities of Tokologo, Tswelopele, Nala, Matjhabeng and Masilonyana.
Preferences are offered to prospective service providers from the targeted area, namely the Tokologo, Tswelopele, Nala, Matjhabeng and Masilonyana Local Municipalities.

**Preference will be given to the District municipalities.**
**ITEM ONE**
a) B-BBEE Level 1 or 2 contributor.
b) Registered on the National Treasury Central Supplier Database (CSD).
c) Tax Clearence

**Note to Training providers:**
The Training providers are requested to submit quotation on the following Unit Standards.

a) Operate a personal computer system – US 7547
b) Apply health and safety to a work area – US 9964

**ITEM TWO**
a) B-BBEE Level 1 or 2 contributor.
b) Registered on the National Treasury Central Supplier Database (CSD).
c) Tax Clearence
d) CETA Accredited
e) SAQA Approved Unit Standards

**Note to Training providers:**
The Training providers are requested to submit quotation on the following Unit Standards.
a) Erect fencing – 12910
b) Erect and maintain guardrails on a road construction site -US 12900
c) Organize the erection of sign posts -US 14570

**NOTE: A COMPANY CAN QUOTE FOR ONE OF THE TWO ITEMS OR FOR BOTH ITEMS IF THEY QUALIFY TO DO SO.**

**Quotations shall be delivered by hand to Damians Contractors cc, 141 Jac Van Ryhn Avenue, Universitas, Bloemfontein 9301, between the hours 09:00am to 16:00pm, or emailed to thando.feleza@gmail.com**
**Monday to Friday up until the closing date on MONDAY, 12 AUGUST 2024 AT 10:00**

**Queries relating to issues arising from this document may be addressed to**:
Contact: Thando Feleza 067 7801548
e-mail: thando.feleza@gmail.com


# Celebrating Madiba:

## *Local Initiative Partners with Heilbron Police for Community Service*

In a heart-warming tribute to Nelson Mandela, known affectionately as Madiba, the Stelle Boutique and the Go Make a Difference Foundation teamed up with the Heilbron police to dedicate their 67 minutes of service to the local orphanage, and community. This initiative, inspired by Mandela Day, aimed to make a positive impact on the lives of those in need, reflecting Mandela's legacy of compassion, service, and unity. The team gathered early in the morning, as their first stop was the local orphanage, where they spent time cleaning the premises, ensuring a safe and hygienic environment for the children. Stelle Boutique generously donated clothing, which was distributed among the children and staff. The Go Make a Difference Foundation provided much-needed sanitary products, a critical resource often in short supply. The Heilbron police, committed to community welfare, played a crucial role in organizing and facilitating the event, ensuring that everything ran smoothly and safely. After their visit to the orphanage, the team headed to Multi Green, where they continued their charitable efforts. Here, they distributed food parcels to the needy, ensuring that no one went hungry on this special day. The smiles and gratitude from the recipients were a testament to the positive impact of the initiative. It highlighted the spirit of Ubuntu, a concept that emphasizes the importance of community and shared humanity, something Mandela himself championed.
The group just want to thank everyone, every donor that helped to make this day possible.



# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

**DESSERTS**

This is one of my ultimate favourite winter desserts. Its rich, decadent and so delicious. A recipe that is very forgiving and so easy to make. You should really try it. Using good chocolate is essential. Lindt 50 % - 75% is ideal. Normal baking chocolate wil not work for this recipe.
Preparation time – 30 minutes, Cooking time – 15 - 20 minutes
Serving – 6 people

**BELGIUM DARK CHOCOLATE FONDANT**
**Ingredients for the Chocolate fondant**
250g 75 % dark chocolate, 250g soft butter, 120g castor sugar, 4 whole large eggs
4 large egg yolks, 4 tbsp flour, Pinch of salt, 6 x ramekins

**Method for the chocolate fondant**
Pre heat your oven to 180 degrees. Before making your mix, you will need to butter your ramekins well and dust the inside evenly with cocoa powder. You can add a tablespoon of cocoa in the moulds and roll it around until coated well. Throw out the excess into the next one. Repeat the process until all your ramekins are coated. Place ramekins in fridge until needed.

Place your butter and chocolate in a small mixing bowl over a pot with boiling water, melt the chocolate and butter while stirring until melted and combined. Now add the castor sugar and stir until all sugar is dissolved. Remove the chocolate mix from heat and add the eggs while mixing. Mix well until all chocolate and eggs is well combined and glossy. Now mix in the flour and the salt. Divide your mix equally between your ramekins, leaving some space at the top for fondant to rise while baking. Bake your fondant at 180 degrees for 15 minutes. Remove from oven. Rest for 2 minutes. Now run a palette knife or small knife carefully around the edge. Unmould carefully onto your plate.

**How to serve**
Served warm with vanilla ice cream or fresh custard and fresh raspberries.

**Chefs note**
The mix can be made and moulded well in advance and can be kept in the fridge for later use.


SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langmark & Steyn St, Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# Huppel Trippel gesels oor skooltyd-onthou...

'n Trip down memory lane. Daar is laaang stories uitgeruil oor skooldae wat al tot 60 jaar verby is. Dis verstommend hoe 'n mens se geheue werk. Hoe dit jou laat onthou wat jou Graad 1-juffrou 40 jaar gelede vir jou gesê het. Of oor die sorgvrye skooltoe ry met 'n "trêppie"sonder om eers te weet hoe laat die skool nou eintlik begin. 'n Hele aantal van die Huppel Trippel-lede was self onderwysers en het dus die ander kant van skool onthou. Nostalgie wanneer gekyk is na foto's van die ou skool-geboue en van die maats saam met wie jy op skool was, was aan die orde van die dag. Die spreekwoord sê dat jy "van die werf af slag" as jy trou met iemand van jou tuisdorp of selfs jou woonbuurt. Dit was opvallend hoe baie 'juffrouens' en 'menere' hulle skapies in een kraal gejaag het van die skoolgrond af. Oor twee weke speel ons weer heerlik Noot vir Noot saam met Martie Olivier. As jy lus is vir hierdie musikale verversing, kom maak gerus 'n draai in Huis Bron-van-Heil se eetsaal op Dinsdag 6 Augustus.



















**VirenigenuusenadvertensiesvirdieHeilbronHerald**

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za










# Hoërskool Heilbron Top 10 Presteerders































# Distrik Tegnologie-vasvra (Gr. 8-9)



*Ernest, Aljané en Chenelle, leerders van Hoërskool Heilbron, het onlangs as 'n span aan die distrik Tegnologie-vasvra deelgeneem. Hierdie drie slimkoppe het 'n tweede plek behaal en gaan nou deur na die provinsiale rondte wat op 14 Augustus in Bloemfontein plaasvind.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

In the Magistrate's Court for the district of Thabo Mofutsanyana held at Bethlehem
**Case number: 1187/2021**
In the matter between:-
**CLOVER S.A PROPRIETARY LIMITED**
*Execution Creditor*
(Registration Number: 1994/001064/07)
and
**DOMINIC PASCALIS KOLOKOTO**
*Execution Debtor*
(Identity Number: 660407 5488 083)
KINDLY TAKE NOTICE that in pursuance to a Judgment obtained in the Magistrate's Court of Bethlehem on 24 November 2023, and a Warrant of Execution dated 26 February 2024, the goods hereunder will be sold in execution to the highest bidder on 19 August 2024 at 13h15 at the following address: Magistrate's Court, Els Street, Heilbron.
**Right, title and interest on VW City Colour Black with Registration Number: NUN967FS and VIN: AAVZZZ172RU004762**
***Terms: Strictly cash or bank gauranteed cheque.***
Signed and dated at Roodepoort on this the 8th day of July 2024.
**FOURIE VAN PLETZEN INC.**
**ATTORNEYS FOR PLAINTIFF**
**3RD FLOOR, QUADRUM 1**
**QUADRUM OFFICE PARK**
**50 CONSTANTIA BOULEVARD**
**CONSTANTIA KLOOF EXT. 28, 1709**
**TEL: (011) 678-2950**
**FAX: (011) 678-7038**
**P O BOX 5588, CRESTA, 2118**
**DOCEX 17, FLORIDA**
**E-MAIL: wynand@fvpinc.co.za**
**REF: MAT9158/W POTGIETER/cvdh**
"We accept service of all documents via e-mail or facsimile"
**C/O BREYTENBACH MAVUSO ATTORNEYS**
**12 UNION STREET,**
**BETHLEHEM, 9701**
**TEL: 058 307 5300**
**E-MAIL: kryska@breytlaw.co.za**
**REF: JJF/0001**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T11819/1990 en VA 272/1998** gepasseer deur DIE EKSEKUTEUR in die boedel wyle **CASPER DANIEL COENRAAD OTTO NR 981/1990** ten gunste van **HESTER DOROTHEA OTTO Identiteitsnommer 430211 0002 008** weduwee ten aansien van sekere ONDERVERDELING 2 VAN DIE PLAAS WELTEVREDEN 680, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 81,2817
(EEN EN TAGTIG KOMMA TWEE AGT EEN SEWE) hektaar.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 17de dag van Julie 2024.
**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@ corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Registered Title **TE21916/1994** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**SELOMO JOHN MBONGO**
**Identity number: 510601 5530 082**
and
**FEKILE ESTER MBONGO**
**Identity number: 530121 0379 084**
Married in community of property to each other
In respect of:
ERF 1303 PHIRITONA, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 269 (TWO HUNDRED AND SIXTY NINE) SQUARE METRES
HELD BY DEED OF TRANSFER TE21916/1994, which has been lost or destroyed.
Al interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice
Dated at Heilbron on this 26th day of July 2024.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**MBO1/0002/JHJ/mp**

---

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, for the intension to apply For the issue of a certified copy of
Deed of Transfer **T3783/2020** passed by
**EVERT DU TOIT FAMILIE TRUST**
**TRUST NUMBER TMP493(B)**
In favour of
**IM AND NM RAPULENG FAMILY TRUST**
Trust number IT878/2023(G)
In respect of certain
PLOT 994 KOPJES NEDERSETTING
District of Koppies, Province of the Free State
In extent 51,3942 (Five one comma three nine four two) Hectare
Held by Deed of Transfer T3783/2020
Which has been lost or destroyed.
All interest persons having objections to issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks of publication of this notice.
Dated in Koppies on the 23 July 2024.
In respect of
**PIET RETIEF DE WET**
**RED INC ATTORNEYS**
**PLOT 76 WELTEVREDE NEDERSETTING**
**KOPPIES, 9540**
**TEL: 0795715049**
**pietman@pdwlaw.co.za**


**Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald**
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za


SELF-INKING STAMPS
Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

**BESIGHEIDSURE**
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON





# TE HUUR • TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |


## FOTOSTATE

Swart / Black

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

Volkleur / Colour

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Heilbron Rolbal Vleisfees

Die jaarlikse vleisfees van Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek op Saterdag 20 Julie en Sondag 21 Julie plaasgevind. Tien spanne het meegeding om as wenners van die naweek gekroon te word in 'n opwindende reeks wedstryde wat sportmanskap en samehorigheid gevier het. Die deelnemers is lekker bederf met heerlike kos. Ná die eerste wedstryd is daar 'n "brunch" bedien, gevolg deur wafels en roomys na die tweede wedstryd. Die dag is afgesluit met smaaklike skaap- en wildspotte. Die kos was in oorvloed en almal kon nie uitgepraat geraak oor die uitmuntende gasvryheid nie. Op Sondag is Elna Steyn en haar span as die wenners van die naweek aangewys, met Bennie Kok en sy span in die tweede plek. Die klub se goeie vriende van die Vaal, Gordon en sy span, het die derde plek behaal. Die naweek is afgesluit met 'n lekker burger en sap vir almal. In ander nuus, is Tracy Jacobs tans besig met die Gauteng Open en volgens berigte vaar sy uitstekend. Die toernooi word oor 'n paar naweke gespeel en die klub hou haar vordering met groot belangstelling dop. Ellie van Coller het die semi-finaal van die Noord-Vrystaat enkels behaal, alhoewel sy daar verloor het, bly sy steeds 'n ster in die oë van haar ondersteuners. Heilbron Rolbalklub bedank almal vir hul deelname en ondersteuning, en sien uit na volgende jaar se fees wat belowe om net so opwindend en gesellig te wees.



*Op die foto vl: Edward, Elna, SJ, Henry en Jacob.*



*Op die foto vl: Edward, De Wet, Linda, Bennie en Attie.*



*Op die foto vl: Gordon, Thinus, Johan, Edward en Jim.*

# Heilbron Duiwenuus



Verlede Saterdag het die wedvlugte vanaf Hanover plaasgevind oor 'n afstand van 550km. Met 'n fris suidwestewind van agter het die duiwe 'n gemidddelde spoed van 98 kpu gehandhaaf. Die wenduif was na 5 uur en 45 minute tuis.

Geluk aan Frik Viviers wat albei wedvlugte wen. In die 2de wedvlug is hy ook 2de en 3de in die NFS combine.

**Hanover 1**
1. F Viviers, 2. D Cilliers, 3. Zenith
4. Zenith, 5. Zenith, 6. Zenith
7. Zenith, 8. D Cilliers, 9. Zenith
10. F Viviers

**Hanover 2**
1. F Viviers, 2. F Viviers, 3. Zenith
4. D Cilliers, 5. D Cilliers, 6. F Viviers
7. F Viviers, 8. Zenith, 9. D Cilliers
10. Zenith

## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 , Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 29 JULIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 30 JULIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
BELFAST: GELDENHUYS BONSMARAS 15DE PRODUKSIEVEILING
11:00, Spitskop, Belfast
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
BETHLEHEM: TULI LE ROUX STAAK BOERDERY VEILING
11:00, plaas Rust
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WOENSDAG - 31 JULIE 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
NIGEL: GEEJEE BONSMARAS 11DE PRODUKSIEVEILING
11:00, Leeuwfontein
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
DONDERDAG - 1 AUGUSTUS 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
KAALLAAGTE Vetvee veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
ROADSIDE / VREDE DISTRIK: KEEVERSFONTEIN ROOI BRANGUS STOET 26STE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Alto
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
VRYDAG - 2 AUGUSTUS 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FOURIESBURG: ZINABOS BONSMARA 36STE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Hoogland
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353
SATERDAG - 3 AUGUSTUS 2024
BONA BONA: 25STE OVERVAAL ILE DE FRANCE KLUBVEILING
11:00, tussen Klerksdorp en Wolmaransstad
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006
PostNet Courier

Water te koop
• 15c per liter as ons aflewer
• 10c per liter self kom oplaai
Navrae Jarryd 083 488 1640
Duane 072 640 7008

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866